FEEDTEK FOKUS
201701

# HOE INTENSIEF BEHOORT EK MY DIERE AF TE ROND?

*Ewie Coetzee (Pr Sci Nat)*

Baie veeboere wat speenkalwers of speenlammers produseer, wonder elke jaar of dit vir hulle meer betalend sou wees om eerder self hulle diere markgereed te kry as om hulle aan voerkrale te verkoop. Daar is verskeie faktore wat hierdie besluit beïnvloed insluitend die boer se kontantvloei situasie asook die weiding en ander voerbronne wat beskikbaar is vir nie-produserende diere. Aangesien hierdie tipe besluit nie ligtelik geneem behoort te word nie, is dit baie raadsaam om 'n veekundige te nader om die boer te help om 'n ingeligte besluit te neem, deur na alle faktore wat 'n rol speel te kyk en dan sekere projeksies te maak na aanleiding van verwagte groeiprestasie van die vee.

Vee kan op baie maniere uitgegroei en afgerond word, vanaf ten volle ekstensief tot ten volle intensief, met verskeie vlakke van intensifisering tussenin. Die besluit rondom hoe intensief om diere af te rond, is baie belangrik, aangesien dit 'n deurslaggewende rol kan speel in die winsgewendheid, al dan nie, van die afrondings fase. Hierdie besluit hang grootliks af van 4 hooffaktore, naamlik:

1. Die hoeveelheid tyd beskikbaar (kontantvloei speel belangrike rol)
2. Die prys van die energie wat benodig word om die diere af te rond (grane en graan byprodukte)
3. Die hoeveelheid weiding en ander ruvoer beskikbaar
4. Die verwagte vleisprys van die afgeronde karkas

Die onderstaande tabel dui grafies aan hoe hierdie 4 hooffaktore die besluit rondom hoe intensief om af te rond, al dan nie, beïnvloed. Afhangend van die spesifieke scenario, is daar dus 5 verskillende voedings strategieë wat gevolg kan word, wat wissel vanaf 'n produksielek wanneer ten volle ekstensief afgerond word, tot en met 'n voerkraalvoer indien ten volle intensief afgerond word.

| | Hoog | **Graan Prys** | | Laag | **VOL INTENSIEF** |
|---|---|---|---|---|---|
| Laag | Veld Groeimeel | Veld Afrondmeel | Voer Kraal | Voer Kraal | Hoog |
| **Hoeveelheid Weiding** | Energie Lek | Veld Groeimeel | Veld Afrondmeel | Voer Kraal | **Vleis Prys** |
| | Produksie Lek | Energie Lek | Veld Groeimeel | Veld Afrondmeel | |
| Hoog | Produksie Lek | Produksie Lek | Energie Lek | Veld Groeimeel | Laag |
| **VOL EKSTENSIEF** | Lank | **Beskikbare Tyd** | | Kort | |

Die onderstaande tabel dui voorbeelde van die verskillende aanvullings aan, soos vermeng met lokaal beskikbare grondstowwe en die makrovoormengsels van Feedtek wat spesfiek vir hierdie doel saamgestel is.

| | Produksie Lek | Energie Lek | Veld Groeimeel | Veld Afrondmeel | Voerkraal Meel |
|---|---|---|---|---|---|
| Mieliemeel / Hominy Chop | 550.0 | 650.0 | 750.0 | 800.0 | 800.0 |
| Katoenoliekoekmeel | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 50.0 |
| Sout | 200.0 | 150.0 | 100.0 | 50.0 | |
| Feedtek Beef Gainer 110 | | | 72.0 | 54.0 | 36.0 |
| Feedtek Veldgrazer 128 | 150.0 | 100.0 | | | |
| **TOTAAL (kg)** | **1000.0** | **1000.0** | **1022.0** | **1004.0** | **886.0** |
| Samestelling (g/kg) | | | | | |
| Energie (TVV) | 525.00 | 607.00 | 674.17 | 727.09 | 782.17 |
| Proteïen | 271.70 | 215.05 | 169.77 | 156.81 | 133.89 |
| Kalsium | 19.96 | 13.40 | 9.65 | 7.44 | 5.61 |
| Fosfaat | 9.61 | 7.48 | 4.49 | 4.29 | 3.84 |
| **Inname (kg/dag)** | **0.6 - 0.9** | **1.0 - 1.5** | **1.5 - 2.5** | **2.0 - 4.0** | **ad lib** |

*Indien verkies, kan tot 80 kg van die hominy chop / mieliemeel met melassemeel vervang word. Katoenoliekoekmeel kan met 'n gelyke hoeveelheid van enige ander oliekoekmeel vervang word.*

Ten einde die produsent instaat te stel om te goed ingeligte besluite rondom mees winsgewende afronding te doen, is dit van kardinale belang dat redelik akkurate syfers vir verwagte groei en veral kragvoer voeromset bekend is. Die onderstaande tabel dui die verwagte prestasie van grootvee op verskillende aanvullings programme aan.

| Aanvulling | | Kragvoer inname (kg lugdroog/dag) | Verwagte groei (kg/dag) | Verwagte voeromset (kg kragvoer/kg groei) |
|---|---|---|---|---|
| Produksielek | Minimum | 0.6 | 0.3 | 3.0 |
| | Maksimum | 0.9 | 0.6 | 1.0 |
| Energielek | Minimum | 1.0 | 0.4 | 3.8 |
| | Maksimum | 1.5 | 0.8 | 1.3 |
| Veldgroeimeel | Minimum | 1.5 | 0.6 | 4.2 |
| | Maksimum | 2.5 | 1.0 | 1.5 |
| Veldafrondmeel | Minimum | 2.0 | 0.8 | 5.0 |
| | Maksimum | 4.0 | 1.2 | 1.7 |
| Voerkraal | Minimum | 6.0 | 1.3 | 7.7 |
| | Maksimum | 10 | 1.7 | 3.5 |





Dit is belangrik om te besef dat hierdie slegs beramings is, wat deur ‘n legio faktore beinvloed sal word, insluitend:

- Kwaliteit van die weiding
- Kwantiteit weiding beskikbaar
- Genetiese groeipotensiaal van die dier
- Parasiet status van die diere
- Raamgrootte
- Kwaliteit van die aanvulling
    - Kwaliteit van energie en proteïene
    - Gebalanseerdheid
    - Alle minerale, spoorminerale en vitamiene
- Water – hoeveelheid en kwaliteit
- Omgewingsfaktore
    - Hitte / koue
    - Reën en modder
    - Wind
    - Daaglikse afstande afgelê / helling van weikampe

Vir hierdie rede is dit belangrik dat die produsent konserwatiewe syfers gebruik wanneer potensiële winsgewendheid bereken word. As voorbeeld kan die voeromset volgens bogenoemde tabel op meeste van die aanvullings wissel vanaf so min as 1:1 tot so laag as 5:1. Gebruik dus eerder die swakker syfers as die beter syfers wanneer berekenings gemaak word. Aangesien besluite wat hier geneem word, groot finansiële implikasies kan hê op die winsgewendheid van die onderneming word steeds aanbeveel dat produsente van kundige persone gebruik maak om hulle te help met hierdie besluit. Skakel dus gerus die naaste Feedtek veekundige indien hulp in die verband verlang word.

**Vir kontak besonderhede van die naaste Feedtek veekundige, besoek gerus die webtuiste by www.feedtek.co.za of kontak Feedtek by 086 111 5362.**